

ABSTRACT

A mirror for the minister

This article focusses primarly on the church as well as the minister as servant. A servant ministry enables the minister to be a witness in and to the world. The following features of this ministry can be distinguished: integrity, enthusiasm, truth as a lifestyle, humility and service.

1 ORIËNTASIE

In 'n vorige artikel is daar aandag gegee aan die veranderende tye waarin ons leef. Daar is op die greep van ons tyd, die proses van modernisasie en die veranderende Godsbeeld gefokus. In hierdie artikel val die klem primêr op die kerk en binne dié raam op die predikant as dienskneg.

2 DIE KERK AS HAWE VIR DIE VERANDERENDE MENS

Oor die empiriese kerk kan ons veel kwytraak. Van dank tot verwyte. Sommige reken die kerk lyk op 'n druppel na Judas wat Jesus aan die gevestigde religieuse magte oorgelewer het. Of die kerk lyk na die manlike dissipels wat moedeloos en verslae Jesus alleen los en vlug. En dan is daar weer momente dat die gedagte opdring dat die kerk soos Petrus is wat loën dat hy iets van die versoening, vrede en geregtigheid weet. Maar heel selde is die kerk soos Petrus wat bitterlik ween².

Die Amerikaanse Jesuïet, James Berrigan gebruik eenkeer in 'n gesprek oor die kerk die beeld van 'n sambreel. Die sambreel beskerm ons teen die koue reën. Soms gaan hy te stadig oop en dan bly ons in die reën staan. Dikwels is hy nie baie effektief nie. Tog is hy daar, en wil ons hom nie graag ontbeer nie³. Die feit dat die kerk soms (meestal) erg teleurstel, is maklik om te verklaar. Dit is omdat die kerk 'n versameling van mense is. Die kerk is vol sondaars en bedelaars (Noordmans).

Tog het die kerk ook 'n ander kant. Die kerk moet 'n huislike aard hê waar mense tuis kan voel. Die kerk is 'n huis⁴ met 'n Vader. Die Vader het uit liefde sy Seun gestuur om sondaars (Rom 5:8) en vyande (Rom 5:10) deur sy soendood sy kinders te maak. Deur geloof in die Seun deel

versoende mense in die lewe wat die Vader bied. Verder is die Vader en die Seun in die Gees by sy kinders teenwoordig. Die Gees maak mense bewus van die Vader en die Seun. Hy verbind ons aan die Vader en die Seun. Die huislike aard van 'n gemeente bring mee dat gemeentelide mekaar as broers en susters beskou en behandel. Hierdie gebruik het sy wortels in die Ou Testament. Dit spruit veral uit die deuteronomistiese oorlewering en die Jodendom. Die lede van die volk Israel is deur bande van bloed aan mekaar verbind. Die eerste Christelike gemeente het uit die Jodendom gekom en hierdie erfenis saamgebring⁵. In die kerk is ons nie broers en susters van mekaar op grond bloedverwantskap nie, maar enkel en alleen omdat die bloed van die Here Jesus ons kruisgewys aan mekaar verbind. Hierdie bloed is dikker as water. As broers en susters verbind die Gees ons aan ons Vader en aan sy Seun, maar ook aan mekaar. Hierdie familiële struktuur in die gemeente moet deur liefde (Matt 22; Joh 15), vergifnis, goedheid, warmte, gasvryheid en menslikheid gekenmerk word.

3 DIE KERK IN DIE WÊRELD

Mense wat 'n *oikos* bewoon, weet ook dat hulle *paroikoi* is. As *paroikoi* is Christene nooit volkome tuis in hierdie wêreld nie. En tog moet die kerk hier en nou bou aan die koninkryk van God terwyl die *paroikoi* uitsien na die hemelse tuiste (1 Pet 1:17-18). Die kerk kan hom nie onttrek aan hierdie wêreld nie. Een rede hiervoor is omdat die kerk en modernisasie onlosmaaklik vervleg is⁶.

Om sy plek te ken, moet die kerk iets van die aard van die samelewing probeer verstaan. Die kerk moet daarmee reken dat die samelewing onder verskillende omstandighede verskillende gelaatstrekke vertoon. Die samelewing kan 'n mens soms verras, ander kere verbaas en selfs ontugter. Verder is die samelewing beïnvloedbaar. Verskillende kragte en faktore speel 'n rol in die beïnvloeding (vergelyk die voorafgaande paragrafe). Die geloofsgemeenskap weet ook dat die soet kragte van die boosheid die samelewing nie ongeskonde laat nie. In hierdie vervlegting van kerk en samelewing kan die kerk deur die samelewing negatief beoordeel en ervaar word. Die gevaar is byvoorbeeld dat die kerk negatief met die opkoms van die roofoegtige moderne wetenskap, met die kulturele oorheersing deur eersugtige missionêre uitbreiding, of met die vertrapping van vroue, deur die ontkenning van hulle regte, verbind kan word⁷.

Die plek van die kerk in die samelewing het ingrypend verander. Die kerk was in die pre-stedelike, pre-moderne periode die middelpunt van die gemeenskap⁸. Dit is alles behalwe die geval in die moderne samelewing. In

die lig van hierdie verskuiwing moet die kerk sy plek in die samelewing opnuut en nuut ontdek en beklee. Die plek van die kerk in die samelewing word ook bepaal deurdat die troon en die altaar nie meer bondgenote is nie. Die staat behandel die kerk as 'n sosiale gemeenskap. Hy is maar net een van die spelers op die veld. Die nuwe geestekonteks beteken die verlies van die soort politieke beskerming en vanselfsprekendheid wat dit sedert die vierde eeu in die Westerse wêreld geniet het. In die lig van hierdie posisie moet die kerk in 'n klimaat van godsdiensvryheid en sekularisasie op gelyke voet meeding met ander godsdienste en denkrigtings wat om gehoor vra.

Vervolgens moet die funksies van die kerk wat ook 'n uitwerking op die samelewing het, onder die loep geneem word. Daar is één ding wat die kerk nie kan doen nie, en dit is om die geesteklimaat wat deur die wêreld waai, te ontken of te ignoreer. Dit staan vas dat die kerk nie die wêreld tot stilstand kan bring om af te klim nie, of die klok terug te draai nie. Die kerk durf homself ook nie in 'n ghetto terugtrek om iets van die verlede solank as moontlik te bewaar nie. Hierdie weg is een van fundamentalisme. Die godsdiens mag ook nie tot die private sfeer van die persoonlike of huislike binnekring beperk word nie, en die stryd om die kerstening van die gemeenskap mag ook nie prysgegee word nie. Dit is die gevaar van 'n eensydige vorm van piëtisme wat net op die individuele mens gerig is. Die gevolg van só 'n styl is wêreldontvlugting.

'n Manier waarop die kerk sy funksies in die samelewing kan volvoer, is deur verset. Verset kan positief of negatief wees. Daar sal altyd 'n versethouding teenoor die wêreld moet wees in die sin dat die kerk teen boosheid en kwaad is. Dit is 'n positiewe verset. 'n Negatiewe versethouding bring mee dat die wêreld as net boos en die kerk as bevryder verstaan. In die wêreld is daar slegs kwaad. Daar kan nie iets goeds van die wêreld verwag word nie. God se genade is, volgens hierdie siening, eintlik net in die kerk werkzaam. Die gevolg van hierdie opvatting is 'n spanning en konflik tussen die boodskap en die werklikheid. In plaas van 'n Woord vir die werklikheid, word dit 'n Woord teen die werklikheid. En dit is 'n ramp.

In plaas van hierdie negatiewe versethouding is dit ook moontlikheid dat die kerk die samelewing as weerbarstige en veranderbare werklikheid aanvaar. Aanvaarding van die samelewing is 'n erkenning dat sekularisasie ook positiewe gevolge het. Dit bestaan onder andere in die ontsakralisering van die samelewing en die ontmaskering van al die valse gode. Dit is na my mening die aangewese opsie vir die kerk. Die gevolg van hierdie keuse is dat die kerkmure nie "heretiese strukture" mag bly nie, want dit is in

hierdie werklikheid waarvan in die vorige paragrawe 'n profiel gegee is, dat die kerk die evangelie moet kommunikeer. Die legitieme plek van die Christen is in hierdie sekulêre wêreld, aangesien God daar aan die werk is⁹.

Die aanvaarding van sy funksies in die samelewing beteken dat die kerk as 'n alternatiewe gemeenskap optree (David Bosch). As alternatiewe gemeenskap moet die kerk 'n hoë prys op sy andersheid stel. Hierdie andersheid kom onder andere aan die lig wanneer en waar die kerk gesindhede en optredes wat met die liefde van God in Jesus Christus stry, bestry, en waar hy terselfdertyd met God se liefde na weerlose mense in die wêreld uitreik. As alternatiewe gemeenskap moet die kerk hom op sy religieuse funksies en kommunikasie toespits. Hieronder verstaan ek onder andere dat die kerk hom met die voorlaaste vrae moet besig hou. Dit is die vrae waarmee die mens in die samelewing worstel. Kwessies soos byvoorbeeld regstellende aksie, aborsie, pornografie en politiek kom in dié verband ter sprake. Maar dan moet daar in die lig van die evangelie en God se koninkryk daarna gekyk word. Die kerk moet hom ook met die laaste vrae besig hou. Kant het dié vrae duidelik geformuleer: "Woher kommen wir, wohin gehen wir, was sollen wir tun?". Hiertoe hoort ook vrae soos: "Wozu sind wir da, welchen Sinn - wenn sie denn überhaupt einen haben - haben Krankheit, Leid, Tod und Krisen?"¹⁰.

In sy stryd vir die Christelike waarheid kan die kerk hom nie op die swaard of wetgewing beroep nie. Die tyd van konsensus op grond van krag en mag is verby. Die pleit van die kerk moet wees vir konsensus op die basis van oop kommunikasie en die oortuiging wat op inhoud en integriteit gegrond is. Dit gee dan aan die Christelike geloofsgemeenskap geleentheid om "gis in die deeg" te word. Vroeër was die Christelike geloofsgemeenskap miskien te veel die deeg self¹¹.

'n Sentrale funksie van die kerk is dat dit opnuut en nuut moet nadink oor sy verhouding met ander teologieë en kerke. In die Suid-Afrikaanse konteks moet daar met religieuse pluraliteit rekening gehou word. Dit is die besef dat daar geen één saligmakende teologiese sisteem is nie. Die gereformeerde teologie moet die algemene ethos van pluraliteit en perspektiefverskille aanvaar en sy ou pretensies om 'n sluitende verklaring van die werklikheid te gee, relativeer. Die bestaan van geloofstradisies wat van mekaar verskil, maar mekaar ook kan verryk, moet aanvaar word. Op hierdie pad moet ons 'n "tweede naïwiteit" (Paul Ricoeur) ten opsigte van ons eie teologiese en kerklike tradisies aanleer. Ons moet soos Ulysses leer wandel. Ons moet op ver paaie wandel, maar ons moet weer huis toe kom. Op hierdie wandelinge moet ons leer om trou aan ons eie tradisies te bly;

om dit van binne uit te leer ken; om oor hulle identiteit duidelikheid te hê, en om die evangelie van Jesus Christus met selfs ons lewe te verdedig. Terselfdertyd moet ons ywerig tussen ander tradisies en weë wandel; gewillig om iets van hulle skoonheid en waarheid te leer; ons moet op hulle andersheid en verskille konsentreer as die nuwe roete na gemeenskaplikheid¹³.

4 DIE PREDIKANT AS DIENSKNEG

4.1 As teoloog

Daar is een toerusting wat geen predikant durf ontbeer nie. En dit is om in staat te wees om sy tyd te interpreteer en om die Woord vir en in die tyd te vertolk. Hy moet teologiese beslissings kan maak. Hiervoor moet hy in die goudmyn van die teologie kan afsak. Die goud lê in die diep riwwe. Hy moet die nuwere gereedskap kan gebruik om die gouderts te delf. Hy kan nie maar net op sy ou toerusting reken nie. Met die oog hierop het die kerk en die Fakulteit Teologie mekaar in 'n vennootskaplike en vertrouensverhouding nodig. Die Fakulteit Teologie het die kerk nodig om sy teologie relevant en kontekstueel te maak. Die kerk weer, het die Fakulteit Teologie nodig om teologies opgewasse te wees in die strydperk.

4.2 As homileet en liturg

4.2.1 Die veranderende krag van die preek

'n Hartfunksie van die kerk is sy konsentrasie op die kommunikasie van die evangelie deur die prediking (hiermee word die ander *modi* vanselfsprekend nie uitgesluit nie). Om te preek beteken om te glo dat die krag van die evangelie mense anders kan laat dink, praat en doen. Brueggemann¹³ skryf verhelderend oor die verandering wat in die erediens en die preek kan afspeel. In die erediens en preek voer ons 'n toneel op wat potensieel lewensveranderend is. Die toneel is een van ontmoeting. Dit is waar die lewensverandering plaasvind. Dit is die dramatiese moment wat beoog dat mense anders sal huis toe gaan as wat hulle na die erediens gekom het. Oor dié proses van verandering moet ons nadink:

- 1 Mense verander nie, of verander nie veel nie, op grond van leerstellige argumente of 'n blote kognitiewe appél nie.
- 2 Mense verander nie, of verander nie veel nie, op grond van 'n morele appél nie.

- 3 In 'n gesprek waar leerstellige argumente en morele oorreding werksaam is, verander mense deur die aanbieding van nuwe modelle, beelde, en prente van hoe die lewensbroke saamgevoeg kan word - modelle, beelde, en prente wat 'n narratiewe aard het. Transformasie is die stadige, bestendige proses waar mense mekaar uitnoui om deel te word van die verhaal van God met die wêreld, die naaste, en die self.

In 'n tyd waarin die hele leefwêreld én die ervaring daarvan verander, moet daar aan die veranderende krag van die preek vasgehou word. In die lig hiervan kan die erediens en die preek geskied met die vaste oortuiging dat die verhaal van die evangelie die waardes van God se koninkryk in mense se lewens en in die samelewing kan vestig. Die preek is 'n manier om mense se denke te vernuut, en op God en mekaar te rig.

4.2.2 Die liturgie en die preek as tragedie

Die preek het 'n veranderende krag. Maar wat is hierdie veranderende krag? Waarop is die veranderende krag gerig? Wat laat mense na die liturgie en preek toe kom?

Die Amerikaanse teoloog Ruprecht¹⁴ vra hom af: waarom het die Grieke elke jaar na die opvoering van byvoorbeeld Antigone van Sophocles gekom, en dit terwyl hulle geweet het hoe dit met Antigone, Polynices en Creon sou afloop. Hierop was sy antwoord: die Grieke het elke jaar opnuut gekom omdat hulle deur die deelname aan die tragedie van Antigone die tragedie van hulle eie bestaan kon verhelder, voltrek, verwerk en daardeur tot versoening kon kom¹⁵. Hierdie moment is vir J A van der Ven¹⁶ ook deurslaggewend in die liturgie en preek. Die getroue kerkganger weet lankal reeds wat daar in die liturgie afspeel. Maar hy kom steeds in die hoop dat hy die heropvoering van die tragedie van sy bestaan sal kan meemaak in die lig van die spanning tussen die immanensie en die transendensie. Die hoorder weet dat die predikant die teks diachronies of sinchronies, of selfs in kombinasie met mekaar, hermeneuties min of meer suksesvol kan uitleë. Hy is ook daarvan bewus dat sekere ritueel-voorspelbare handeling gaan plaasvind. Heimlik hoop hy om in die preek en liturgie die tragiek van sy eie lewe terug te vind. Nie net kognitief nie, maar in affektiewe-partisipale sin. Hy wil nog één keer deur die tragedie heen¹⁷. Dit het die Grieke na Antigone getrek - die mees sublieme meesterstuk uit die Oudheid¹⁸. Hierdie tragiese moment bekoor mense ook in Vondel se werk¹⁹. Dit is dit wat die kerkganger na die preek en liturgie trek. Hy wil deur die liturgiese viering 'n katarsis deurmaak en gesuiwer word²⁰.

Na my mening is dit egter 'n eensydigheid by Van der Ven as hy hierdie fokus die dominante kollig in die liturgie en preek maak. Die mens se lewe is nie net 'n tragedie nie, daar is ook plek vir die komedie. Die komedie is een van die vernaamste literêre vorme, hoewel nie die enigste nie waarin die komiese tot uitdrukking kom²¹. Die komiese momente in die liturgie en preek kan daarop ingestem wees om die ydelheid, die dwaasheid en die gewaande grootheid van mense te ontmasker. Hierdie instelling kom by satiriese tekste soos Jesaja 44:9-20, Amos 4:1-2 en die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar na vore (Luk 18:9-14). In die liturgie en preek kan die komiese dimensie ook help om die dodelike erns van die lewe deur humor te versag. Die mens moet ook leer en ervaar dat hy soms vir sy eie onbeholpenheid en oormoed kan lag. Die komiese kan in die liturgie ook aan die lig kom deur die moment van viering. In Latyn beteken *celebrare* "om in groot getalle te besoek"; *celebratio* beteken dan: 'n vergadering wat met groot druk besoek word, 'n feestelike viering. Dit is wat die erediens behoort te wees. 'n Vergadering van God se volk wat druk besoek word, 'n feestelike viering. In die liturgie word God se heil vir mense gevier.

In die prosen om morele konflikte op liturgiese vlak te verstaan en te ervaar, en in die prosen om God se heil te vier, sal die liturgie veral op die lewensetos wat uit modernisasie spruit, ag moet gee. Hierdie etos kan deur sekere begrippe beskryf word. In hierdie verband kan gedink word aan rasionalisasie, dinamika²², individualisasie, sentralisasie, spesialisasie, onsekerheid, skeptisme, sinloosheid, 'n gebrek aan verdraagsaamheid en sekularisasie. Wanneer die kerk op die lewensgevoel van mense ag gee, beteken dit nie dat die lewensgevoel wat dié woorde omvat, geïgnoreer word nie. Wat dit wel beteken is dat dié lewensgevoel ernstig opgeneem word en in 'n geloofsraam geplaas word. 'n Jukstaponerings wat 'n kreatiewe spanning bewerk, kom dan tot stand. 'n Gesonde dialektiek word geskep. Elke woord kry in dié prosen 'n teenhanger.

Rasionalisasie word verruim deur belewing. Daar is verskeie maniere om in die erediens plek vir belewing te maak. Hier kan gedink word aan 'n variasie ten opsigte van preekvorme, die ontdekking van die betekenis, sin en funksie van simbole en 'n sonnige liturgiese klimaat wat mense uitnoui om die liturgiese landskap te ontdek en te ervaar²³. Die gespreksmatige aard van verskeie liturgiese momente kan nog verder ontgin word. As voorbeeld kan die gemeente responsories aan die votum en belydenisse deelneem. Die krag en effek van sang om atmosfeer te skep en 'n mededraer van die boodskap te wees, moet nooit uit die oog verloor word nie. Dit moet in gedagte gehou word dat atmosfeer nie uit die blou

lug val nie; dit moet geskep word. Hiervoor is die voorganger én die gemeente medeverantwoordelik.

Die dinamiese komponent kan deur egte rus aangevul word. Die erediens moet vir die gehawende 'n hawe word. Stille, meditasie, stemming, musiek en poësie is bevorderlik vir rus. Die individualis moet in die erediens gemeenskap kan ervaar. Die erediens is bestem as 'n ontmoetingsgebeure. God en mens, mens en mens kan mekaar daar ontmoet. Die mens kan ook tot 'n ontmoeting met homself kom. Diversiteit in erediens wat voorsiening maak vir die eie unieke behoeftes in die geloofsgemeenskap kan die gemeenskap versterk. Die preek moet onderlinge gemeenskap bevorder en die hele liturgie moet in diens hiervan staan. Dit kan gebeur indien die hele mens in die erediens geakkomodeer word.

Teenoor sentralisasie staan multiformiteit. Dit beteken dat elke mens se andersheid en uniekheid in die erediens gerespekteer moet word. Daar moet ook ruimte vir verskillende belangegroepes geskep word. Die teenhanger van spesialisasie, is die betrokkenheid van alle lidmate. Die teenstelling *klerus* en *laikos* moet nie net in teorie nie, maar ook in praktyk opgehef word. Alle gelowiges het gawes van die Gees ontvang en moet dit in diens van mekaar en die gemeente aanwend. Daar kan in die erediens ruimte gemaak word vir die bydrae van lidmate. Die liturgie kan byvoorbeeld deur sang, poësie en gebede van lidmate verryk word. Onsekerheid word deur woorde soos onveiligheid en vrees gevoed. Die erediens moet 'n hawe van sekerheid bied. Hier moet mense kan ervaar: God is die Vaste Rots op Wie ek bou, die Een op Wie ek kan vertrou.

Skeptisisme moet in die erediens met aanvaarding, warmte en vertroue teengewerk word. Sinloosheid moet met sin vervang word. Die preek en die erediens moet sin aan mense se bestaan kan gee. Verhale wat hoop wek, moet hoop aan mense hier en nou gee. 'n Gebrek aan verdraagsaamheid en meedoënlose mededinging moet plek maak vir liefde en aanvaarding in woord en daad. Die erediens moet inderdaad 'n plek wees waar liefde en aanvaarding uitgedeel en gedemonstreer word. Die erediens moet 'n liefdes- en aanvaardingsgemeenskap wees. Te midde van 'n lewensgevoel van sekularisasie moet mense bewus gemaak word van die teenwoordigheid van die lewende God. Mense moet in die erediens ervaar, God is hier.

In die preek behoort die opheldering, verwerking, deurwerking en uitsuiwering van morele konflikte plaas te vind²⁴. Net soos in die geval van die liturgie is die preek nie net die opvoering van 'n tragedie en die oplossing van morele konflikte nie. Die preek is ook onder andere ook 'n komedie. In die komedie kom daar momente van blydskap voor. Die

vreugde aspek van die evangelie moet in die preek opklink. Vir sondaars is die evangelie immers goeie nuus. Dit beoog om mense vrolik te maak.

Ek konsentreer hier op een voorbeeld van die tragedie waar morele konflikte voorkom²⁵. Miskien is ons grootste probleem in Suid-Afrika dié van armoede. Die probleem van diegene wat arm is, en diegene wat arm word. Armes word ook daaglik méér. Rykes word ook méér (hoewel ook banger)²⁶. Armoede word daaglik verpolitiseer. Dit is in die bloed van alle politici om aan almal in die land materiële voorspoed te verseker deur werk te skep, huise te bou, in mense se basiese behoeftes te voorsien, en dies meer²⁷. En tog is die voorneme nie so maklik haalbaar nie. Uit die beloftes vloei daar 'n aantal vrae: wat gebeur met arm mense totdat daar geen armes meer is nie? Is die beloftes van *Utopia* werklik uitvoerbaar, of gaan dit om 'n geflikvlooi vir kruisies op 'n stembrief? En is materiële welvaart die hoogste doel wat nagestreef behoort te word? Daar is verder ook soms politieke voordeel uit armoede te put. En dit is om politieke teenstanders aan hulle mislukkinge ten opsigte van die sorg aan armes te herinner. Die vraag aan die kerk is watter morele konflikte in armoede as tragedie skuilgaan en hoe dit deur die preek religieus opgelos kan word.

Hierdie kwessie van morele konflik in armoede kan aan die hand van Matteus 25 toegelig word²⁸. Oor die morele kwessie van armoede het J A van der Ven²⁹ insiggewend geskryf. Daar is twee dinge wat ons in Jesus se woord oor die tragedie van armoede aangryp. Albei verwys na 'n verborge betekenis. Die eerste betekenis het betrekking op die Joodse eis dat die werke van barmhartigheid nagekom moet word sonder dat dit deur ander opgemerk of ervaar word. “Wanneer jy barmhartig is, loop jy nie daarmee te koop nie”, sê sê Jesus (Matt 6:2). Die linkerhand moet nie weet wat die regterhand doen nie (Matt 6:3). Die gee van aalmoese, die genadig wees teenoor ander, die opkom vir regverdigheid moet op 'n onopvallende, onopgemerkte en diskrete manier gebeur. 'n Mens behoort nie in die eerste plek in die tempel, die sinagoge of die teater steun aan die armes, weduwees, wese of vreemdelinge te bied nie. Genade en barmhartigheid ter wille van sosiale reputasie en prestige word deur Rabbi Eleazar sonder aarseling as sonde aangedui. En Jesus voeg hieraan toe: “mense wat so handel is skynheilig en hulle het hulle loon klaar weg” (Matt 6:2). Waarom moet 'n mens vir jouself propaganda maak? Want “jou Vader, wat sien wat verborge is, sal jou beloon” (Matt 6:4).

Die tweede verborge betekenis verwys na die religieuse dimensie van die hulp en die steun aan die arme. “Dit verseker Ek julle”, sê verklaar Jesus, “vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen” (Matt 25:40).

Jesus se identifikasie met die armes, wat Hy die geringstes noem, is geen mistieke band wat die menslike begrip te bowe gaan en alle menslike verbeelding oorstyg nie. Sy identifikasie met die armes blyk sonder meer uit die lewe wat Hy gelei het, die dae wat Hy verrig het, die woorde wat Hy gepraat het, die tafels waaraan Hy gesit het, die strate waardeur Hy geloop het: altyd en opnuut by die armes, onder die armes, vir die armes, kortom as een van die armes. Die armes is nie net sy broers en susters nie, maar Hy is hulle broer. Die armes moet vir ons nie net mense met 'n gebrek aan middele wees nie, maar eerder mense met behoeftes wat in hulle menswees aangetas word. Die arme is nie soos in die gnostiese etiek die bepaling van die verhoudings tot die ander mede-gnostici binne die klein groep nie³⁰. Indien die arme so eksklusief gedefinieer word, word dit net "Bruderethik" (Hans Jonas) en dit beteken: 'n gemeenskaplike eensaamheid in 'n vreemd geworde wêreld.

Op die vraag watter kriterium by die skeiding van die skape en bokke gebruik gaan word, is die antwoord: wat ons gedoen het vir die individuele, arm mense, selfs as ons dit nie geweet het nie (Dit beteken nou nie dat daar heil, verlossingskrag uit ons diens aan armes bestaan nie. Wel dat Jesus ter wille van ons heil arm geword het, dat sy armoede aan ons rykdom besorg. En die rykdom beteken dat ons omsien na armes). Die vraag waarom dit gaan, is of ons mense in nood bereik het. Dit kan gebeur langs die kort weg van die liefde³¹. Die kort weg van die liefde is die direkte weg van aalmoese en liefdadigheid. Maar dit kan ook deur die lang weg van die liefde³² plaasvind. Dit is die indirekte sorg in en deur institusies. Die metafoor van die Laaste Oordeel beteken dat ons geoordeel word oor iets wat vir ons nog in die verborgene kan bly, want ons weet nie of en wanneer ons individuele mense bereik het nie. Ons kan selfs nie altyd sien wat ons doen nie, verblind deur ons eie behoeftige gevoelens, deur die begeerte tot erkenning en die egosentrisme in ons hulp. Meestal dink ons dat ons niemand bereik in die abstrakte sisteme van die ekonomie, politiek en ons eie beroep nie, maar ons kan ons hierin ook vergis. Dit sal ontdek, onthul word of ons die hongeriges gespysig het, aan die dorstiges iets te drink gegee het, die naakte geklee het, die siekes en gevangenes besoek het. Om die oordeel te vel, is nie ons taak nie en behoort nie tot ons bevoegdheid nie. En die maatstaf vir die oordeel lê buite ons voorstellingsvermoë³³.

5 BESIEL MET DIE CHRISTELIKE ETOS

5.1 Integriteit

Alles in 'n predikant moet preek. Sy lewe, sy lewensonderhoud, sy huis, sy klere, alles moet preek (Bonaventura). Dit kan alleen gebeur as die predikant se lewe heel is, as hy geestelik gesond is. Die woord wat hierdie gesondheid raak beskryf, is integriteit. Integriteit beteken 'n heelheid. Dit handel in die eerste plek oor 'n heelheid voor God. Algehele toewyding aan Hom. Vervolgens gaan dit om 'n heelheid van die self. "This above all: to thine own self be true" (Shakespeare, Hamlet 1, 3). Integriteit het ook te doen met 'n heelheid voor ander. Mense moet kan ervaar: op hierdie man/vrou kan ek reken. Ek kan hom/haar vertrou. Die predikant se heelheid moet veral teenoor sy vrou/haar man blyk. Miskien is dit een van predikante se krisisse. Daar kan te maklik 'n soort vrouehandel plaasvind. 'n Vrou word soms soos 'n tweedehandse motor vir 'n nuwe sportmodel ingeruil. Heelheid, integriteit, betroubaarheid, trou aan my vrou/man in die huwelik is ononderhandelbaar. Ons huwelike moet 'n spieëlbeeld wees van Christus se verhouding tot sy bruid, die kerk. Iets van sy offervaardigheid, vergewingsgesindheid en liefde moet in ons huwelike gesien word. Deur ons huwelike moet ons geloofwaardig in die gemeente wees. 'n Predikant kan byvoorbeeld nie oor liefde preek en dit self in sy/haar huwelik en verhoudinge met ander verontagsaam nie.

5.2 Entoesiasme

Dionysos, die seun van Zeus en van Semele, is die veelvormigste onder die Griekse gode. Nou met sy gestalte en kultus verbonde, is die ekstase, dit wil sê die uittree van die mens uit die eng grense van sy self, die entoesiasme, dit wil sê om deur God vervul te wees, en die *Mania*, die bedwelgende waan, wat die bande van die normale deur opvallende gedrag versteur³⁴. By predikante behoort daar ook meer entoesiasme te wees, in die sin dat hulle deur God se Gees vervul is en beheer word. Ons behoort meer blyke van die entoesiasme te gee.

Die woorde wat een van die karakters in Elsa Joubert³⁵ se roman, *Die reis van Isobelle* (1995) glo, lui: "Die belangrikste ding in die lewe is om 'n hartstog, 'n passie, te hê wat alles oorskadu - 'n heilige drif!". In die geval van die predikant moet dit 'n passie, 'n heilige drif vir God, sy koninkryk en die burgers van God se koninkryk wees.

5.3 Waarheid as lewenstyl

In ons denke oor waarheid handel dit dikwels om “wat gebeur het”. Ons wil altyd die waarheid “uitvind”, “ontdek”. Ons vergeet egter te maklik dat ons aan enige saak ons eie smaak gee. Ons klee enige saak met ons subjektiewe aanvoeling en menings. Wanneer dit in die Bybel oor “waarheid” gaan, gaan dit meestal nie daaroor of ’n stelling met werklike gebeure klop nie, maar oor ’n lewenstyl³⁶. Daarom kon Christus sê: “Ek is die waarheid” (Joh 14:6). Daarom word daar in die Ou Testament gepraat van “die waarheid doen” (Eseg 18:9), van die waarheid wat “op straat struikel” (Jes 59:14), en dat die waarheid van Christus in ’n mens is (2 Kor 11:10).

Waarheid as lewenstyl. Dit moet die lewe van elke predikant stempel. Almal moet op die predikant kan reken, kan vertrou. Waarheid moet altyd in belang van ander gesoek word. ’n Predikant mag die waarheid nie laat struikel deur nie die waarheid te praat en te leef nie.

5.4 Nederigheid en diens

In die Joods-Christelike tradisie is nederigheid ’n kernwaarde³⁷. Selfs van die verwagte Messias word gesê: “Kyk, hy is nederig” (Sag 9:9). Jesus sê: “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is... Leer van My, want ek is sagmoedig en nederig... en julle sal rus kry vir julle gemoed” (Matt 11:29). En Paulus vermaan: “Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges” (Rom 12:16). Ook die Seun van God het nie gedink sy hemelse heerlikheid is iets waaraan Hy moes vasklou nie en Hy het toe mense se dienaar kom word (Fil 2). Dit is anders as wat ’n mens reken ’n godeseun sou doen.

Nederigheid en diens word deur materialisme en aansien bedreig. As geldsug mense se godsdienstige lewe binnedring, word die geestelike deugde en vreugde ondermyn. As aansien en posisie die dryfveer word, word eersug ’n ondermyning van nederigheid en diens. In die professionele wêreld is daar range en status. En die meeste professionele organisasies is hierargies gestruktureer. Daar is “vername” mense en “gewone” mense. In die professionele wêreld is hierdie gesagspatrone noodsaaklik. Maar in die kerk heers ander ordes. Die nuwerwetse siening van die predikant as “bestuurder” of “direkteur” het die inherente gevaar om die dienskarakter van die predikant te ondermyn. Teen hierdie status en magspersepsie moet gewaak word. Die status van ’n predikant is dié van ’n dienaar, ’n kind, ’n volgeling van die Gekruisigde. “Elkeen wat in julle kring groot wil word,

moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees" (Matt 20:26-27).

God vra van ons 'n lewe van diens aan Hom en die naaste. 'n Offer uit dankbaarheid. Dit is liturgie en erediens in die kerk en in die wêreld. *Soli Deo gloria.*

NOTAS:

- 1 Rede gelewer tydens die Predikantekonferensie, Fakulteit Teologie (Afdeling B), Universiteit van Pretoria, Februarie 1997.
- 2 D Sölle, *Tegenwind. Herinneringen*, Baarn 1995, 141.
- 3 Sölle, *a w*, 142.
- 4 Wanneer die huismodel as voorbeeld en ook as analogie vir die Christelike gemeente gebruik word, moet daar tog versigtigheid aan die dag gelê word. In die antieke tyd is die wese van die huislike verhoudings veral deur heerskapsverhoudings, wat die fokus op die huisheer geplaas het, gedefinieer. In die jong Pauliniese gemeente waar 'n groot mate van charismatiese veelvoud aan die orde was, moes Paulus telkens die orde onderstreep. Dit het hy op 'n argumentatiewe wyse gedoen, en nie deur verwysing na gevestigde magsverhoudings nie. Die aantal vrouename in Rom 16 dui op 'n veel sterker betrokkenheid van vroue in die gemeente as wat die suiwer patriargale voorbeeld van die *oikos* sou toelaat. Die gemeente het nie eenvoudig deur die oornam van familiestrukture ontstaan nie. H-J Klauck, *Gemeinde zwischen Haus und Stadt*, Freiburg 1992, 31-32.
- 5 Klauck, *a w*, 116.
- 6 G Dekker, *Als het getij verloopt... opstellen over godsdienst en kerk*, Baarn 1995, 99-108.
- 7 D A Lyon, "Modernity and Postmodernity", in: D J Atkinson, D H Field (eds). *New dictionary of Christian ethics and Pastoral Theology*, Leicester 599.
- 8 J A Heyns, *Sterwende Christendom? 'n Teologie in die greep van die tydgees*, Kaapstad 1969, 19.
- 9 H Lindner, *Kirche am Ort. Eine Gemeindetheorie*, Stuttgart 1994, 34.
- 10 H-G Soeffner, "Die Stimme der Christen im Ringen um die gemeinsame Zukunft der Gesellschaft", in: "*Schreit es von den Dächern!*" Mt 10,27. *Neue Erfahrungen mit der politischen Predigt*, Eichstadt 1994, 57.
- 11 R Burgraeve & S Velle, "Christendom en postmoderniteit. Doemdenken, heil of bescheiden kansen?", *Collationes. Vlaams Tijdschrift voor Theologie en Pastoraal*, 1 (1993), 50.
- 12 D Tracy, *On Naming the Present. God, Hermeneutics, and Church*, New York 1994, 137.
- 13 W Brueggeman, *The Bible and postmodern imagination. Texts under negotiation*, London 1993, 24-25.
- 14 L A Ruprecht, *Tragic Posture and Tragic Vision*, New York, 1994.
- 15 Ruprecht, *a w*, 1994.
- 16 J A van der Ven, "Morele konflikte in liturgie en prediking", in: M Nel (red), *Prediking. Kommunikasie in konteks*, Voortrekkerhoogte 1996, 79-80.

- 17 Van der Ven, *a w*, 80.
- 18 P Ricoeur, *Oneself as Another*, Chicago 1992, 241ev.
- 19 R Pretorius, "Vondel en die tragiese", in: J van der Elst, C H F Ohlhoff, H J Schutte (reds). *Momente in die Nederlandse Letterkunde*, Pretoria 1988, 195-208.
- 20 Van der Ven, *a w*, 80.
- 21 Vir 'n oorsig oor die komedie, vergelyk P J Conradie, "Komedie", in: T T Cloete (red), *Literêre terme en Teorieë*, Pretoria 1992, 224-227.
- 22 L E Cahoon, "The Ten Modernisms", *Journal of Social Philosophy*, 3 (1993).
- 23 Vergelyk in hierdie verband, C J A Vos, *Die Volheid Daarvan I & II*, Pretoria 1996.
- 24 Van der Ven, *a w*, 80.
- 25 Vir ander perspektiewe, vergelyk Van der Ven, *a w*, 81-97.
- 26 B Breytenbach, *Beeld*, 2 Desember 1996, 4.
- 27 F Deist, *Coram Deo. Lewe voor die aangesig van God*, Kaapstad 1996, 52.
- 28 Ricoeur, *a w*, 1992; Van der Ven, *a w*, 81-97.
- 29 Van der Ven, *a w*, 94-97.
- 30 H-J Klauck, *Die religiöse Umwelt des Urchristentums II*, Stuttgart 1996, 194.
- 31 P Ricoeur, *Politiek en Geloof*, Utrecht 1968.
- 32 Ricoeur, *a w*, 1968.
- 33 Ricoeur, *a w*, 1968.
- 34 H-J Klauck, *Die religiöse Umwelt des Urchristentums I*, Stuttgart 1995, 96.
- 35 E Joubert, *Die reise van Isobelle*, Kaapstad 1995.
- 36 Deist, *a w*, 68.
- 37 Deist, *a w*, 90.